# Lesing 17.03.2018 - DEEL 1 - Israel en Jerusalem se einde

***Groot Johannes Evangelie - Boek 7 - Hoofstuk 44***

Die nagtelike ligverskynsel van die tien wolkepilare

44 [2] In die ooste rys naamlik `n gloeiende wolkpilaar op, wat hoër en hoër styg, sodat dit vir almal wat haar sien, voorkom asof sy dadelik al tot aan die sterre reik. Die pilaar word ligter en ligter tot sy so lig as die maan was en dit in die hele omgewing byna so lig was as in die middel van die dag. Nou vra almal My wat dit was en wat dit beteken.

[3] Maar Ek sê: "Julle moet maar geduld hê, beste vriende, daar kom nog meer! Eers as julle alles gesien het, sal Ons sien waar dit eintlik vandaan kom en wat dit beteken. Kyk dus maar aandagtig na alles wat nog daar sal verskyn, want daar staan immers in die profete geskryf dat daar in hierdie tyd ook aan die hemel tekens sal geskied en nie alleen op aarde nie. En omdat daar nou sulke tekens geskied, sien julle ook selfs met julle liggaamlike oë dat die woorde van die ou profesieë nou vervul word. Maar let nou verder op wat daar nog alles te voorskyn sal kom!"

[4] Almal kyk nou weer na die ooste en sien, `n tweede, gelyke pilaar wat omhoog styg en ewenaar weer die skynsel van die maan, en die omgewing word nog veel ligter! En dit duur nouliks enkele oomblikke of daar styg `n derde wolkpilaar op, wat die omgewing nog sterker verlig. Dit sien egter nie alleen diegene wat by Ons op die berg staan nie, maar ook vele in Jerusalem en vele in die hele Judese land en daardeur ontstaan daar `n groot rumoer in alle stege en strate van die stad, sodat mens dit op die berg selfs goed kon hoor.

[6] Ek sê: "..... Maar let nou wel goed op, want daar sal nog sewe sulke pilare opstyg!"

[7] Nouliks het Ek dit gesê of daar styg ook al die vierde, dadelik daarop die vyfde, sesde, sewende, agtste, negende en tiende pilaar omhoog op redelike afstand van mekaar, en hierdie tien pilare, waarvan die lig dit van die volle maan ewenaar en nog toeneem, versprei uiteindelik so `n sterk lig oor die hele omgewing, dat mens die lig tot aan die oewers van die Middellandse See nog baie goed kon waarneem en tot aan Klein-Asië, en verder in die ander rigting na die ooste tot in die verre streke van die Eufraat-rivier.

[8] Elkeen in die stad was met stomheid geslaan. Die heidene beskou dit as `n Malum Omen (slegte voorteken), die Judeërs spreek al oor die Jongste Oordeel. Ander sogenaamde voorspellers kondig weer tien vrugbare jare aan, ander weer tien baie warm en dus onvrugbare jare.

[9] Maar één `n ou rabbi roep hardop deur alle strate: "Dit beteken die koms van die Messias en die tien pilare is die simbole van Sy krag en omdat hierdie pilare in die ooste staan, gee dit aan dat die Messias van daar af na Jerusalem sal kom!"

[10] Maar hierdie rabbi word nie geglo nie en word deur vele wat hom gehoor het, uitgelag en die wêreldse mense sê aan hom: "Skei uit en hou op met jou ewige gesanik oor die Messias; want jy sien al so lank in elke wolk wat deur die maan verlig is, die Messias kom! ... Hierdie tien pilare is baie mooi om te sien en is niks anders as `n produk van die Esseense toorkuns nie! Gaan na die Essene, hulle sal jou vinnig genees van jou Messias!"

[16] Ek sê: "Dit gee aan dat die tempelhere ook al wakker geword het en self nie weet wat hulle van die verskynsel moet dink nie. Daarom roep hulle alle fariseërs en skrifgeleerdes wat buite die tempel woon met hulle basuine byeen, om inderhaas te beraadslaag wat daar gedoen moet word en hoe mens die verskynsel aan die volk, natuurlik teen aansienlike offers, sou moet uitlê. Maar Ons laat hulle nou kort beraadslaag en as hulle voor die volk, wat hulle al naby die tempel versamel, hulle verklaring met groot stelligheid afgelê sal hê, sal Ek die verskynsel dadelik aanmerklik verander; dan sal die tempelhere opnuut beraadslaag en die volk voorlieg. Die betekenis van die hele verskynsel sal Ek julle eers aan die einde so kort moontlik waarheidsgetrou meedeel. Maar kyk nou na benede hoe die domme en volledig blinde volk van alle kante na die tempel stroom! Binne `n kwartier sal die verskynsel baie anders daar uitsien; daaraan sal julle kan sien dat die paniek nog veel groter geword het! Maar nou rus Ons eers gedurende die kwartier!"

Die veranderde verskynsel aan die hemel en die verleentheid van die tempeldienaars

45 Die Romein wat eweneens naby My staan sê: "Hoe is al die mense tog onbegryplik blind! Sien die dwase wat daar hardloop en dit moet die verligte Judeërs - sê maar - Elohim se volk wees, en ons blinde heidene staan by die oerbron van die Lewe, van die Lig en aan die bron van die ewige oerwaarheid! Dit is werklik baie, baie vreemd! Ons, duidelik die laastes, is - en laat elkeen maar sê wat hy wil - nou klaarblyklik die eerstes en hulle, Abraham se kinders, wentel hulle daar benede soos varke in die smerigste modder! Dit, o Meester, is vir ons heidene `n ewig onbegryplike barmhartigheid, wat ons nooit ook maar in die minste verdien het nie! Nou, ek is tog wel buitengewoon benoud vir die verdere verloop van hierdie hoogs vreemde geskiedenis! Wat uiteindelik nog alles daaruit sal voorkom, sal slegs U, o Meester, die beste weet!"

[2] Ek sê: "Dit sal sekerlik nie sleg afloop nie! Dit word tyd dat hierdie slegte wêreldse kankeraars eindelik

eers op `n baie spesiale manier in groot verleentheid gebring word, waardeur hulle weer veel aanhang onder die beter volk sal verloor.

[3] Maar nou het hulle daar benede hulle beraad in alleryl laat plaasvind, en daar is besluit dat die tien pilare die tien stamme uit die stam van Israel voorstel, wat nog trou gebly het aan die tempel, en dat die twee stamme waaruit die Samaritane en ook die Galileërs voortgekom het, verwerp is en dat elke Judeër vir `n hele jaar onrein sal wees as hy die twee verworpe stamme ook maar hardop by name sal noem.

[4] Die volk slaan hulle met vuiste op die bors en sweer om hierdie goddelose stamme nooit meer by die naam te noem nie.

[5] Maar let nou op, dadelik sal daar by die tien pilare nog twee pilare oprys, en kyk dan eers hoe oproerig hulle word! Die tyd is om en die genoemde verandering sal nou dadelik plaasvind."

[6] Almal let nou op en in die ooste verrys terselfdertyd nog twee pilare in skitterende prag; hierdie twee pilare straal slegs tienmaal so sterk as die vroeëre tien saam, en die een staan aan die regter- en die ander aan die linkerkant van die vroeëre tien pilare en hul felle lig word nou tot by Europa en ooswaarts tot vierhonderd myl ver waargeneem.

[7] Nou was die volk ten einde raad en nog hagliker was dit vir die tempeldienaars. Vanaf die torings van die tempel begin die basuine nou ontsettend hard te skal om nog meer raadslede op te roep, hoewel alle priesters wat in Jerusalem gewoon het, reeds by die eerste basuingeroep vir die eerste raadsbyeenkoms gekom het. Daar kom nou weliswaar niemand meer nie, maar tog kom die raad weer byeen. Maar die hele Hoë Raad weet nou nie wat om van die twee uiters ligte pilare, wat laaste opgestyg het, te maak nie, omdat hulle met die verklaring oor die eerste tien, die hou so jammerlik misgeslaan het.

[8] Maar die volk skreeu luid: "Dit is die twee stamme waarvan julle gesê het dat hulle verwerp is! En as dit nie so is nie, lê dit dan vir ons uit, anders eis ons die offers wat ons gebring het terug, of ons bestorm julle!"

[9] Toe slaan angs die tempeldienaars om die hart. Dit duur maar net so `n rukkie of daar kom iemand met `n buitengewone domme uitleg, waaroor die volk in `n gelag uitbars.

[10] En **`n fors geboude Judeër** roep hardop aan die fariseërs: "As julle ons in ons groot angs, nood en ontsteltenis geen bevredigende oplossing kan gee nie, dan het ons julle ook nie nodig wanneer daar nie sulke tekens aan die hemel verskyn nie, wat elke mensehart uitermate verontrus en beangstig! As julle ons nou geen troos kan gee nie, waarvoor is julle dan daar? Julle kan maar net tiendes en groot offers eis en die dan opmaak en verkwis; en wyse mense, wat julle die waarheid in die gesig sê en die siekes op wonderbaarlike wyse genees, jaag julle met klippe die tempel uit! Maar nou, noudat die oordeel van Elohim ons almal duidelik met die verskriklike lig beskyn, is julle so stom soos klippe en durf julle niks sê nie! O, gaan nou na buite na die twaalf verskriklike pilare, wat dreigend `n lig soos op die dag van die jongste oordeel oor die aarde versprei en wat sekerlik spoedig met `n allerverskriklikste vuurstorm alles wat op aarde leef en groei, sal vernietig, en werp julle vervloekte klippe daarheen en begiet hulle met julle vloekwater, dan sal ons sien of die twaalf allerverskriklikste vuurpilare vir die mag van julle priesterdom sal buig! O, julle ellendige en ook nog hoogmoedige, gruwelike huigelaars en volksbedrieërs! Nou, nou moet julle ons toon dat julle die enige ware vriende en dienare van Elohim is, anders sal ons as volk onsself op julle wreek vir elke onregverdigheid wat ons deur julle moes verduur het!"

[11] Hierop verskyn `n owerste en sê: "Jy, wat vir het volk spreek, wees tog geduldig! Die hoëpriester bid tog al met `n geskeurde opperkleed in die Allerheiligste, en ons sal dit, as dit nodig mag wees, ook nog gaan doen en dan sal dit wel weer beter gaan. Julle moet nie so vinnig moed verloor as JaHWeH ons met een of ander plaag besoek wat ons saam met julle almal goed verdien het nie. In plaas van ons priesters met allerlei hoon en bedreigings te oorlaai, kan julle veel beter tot Elohim bid dat Hy ons barmhartigheid as reg sal laat geld! Dit sal beter wees as julle huidige gedrag ten opsigte van ons, want in nood kan elke mens baie doeltreffend tot Elohim bid."

[12] Hierdie woorde kalmeer die volk `n bietjie en hulle begin te bid, en die priesters trek hulle wyslik terug en pleeg oorleg onder mekaar wat die vreemde verskynsel sou wees. Maar hulle kom nie tot `n aanneemlike verklaring nie, en dus groei hulle ook in angs. En so was daar `n merkwaardige kontras tussen diegene wat hulle by My op die berg bevind het en die tempeldienaars met die volk, wat by hulle toevlug gesoek het. Myne was almal vol blye verrukking oor die pragtige aanblik van hierdie ligpilare en in die tempel het die grootste verbystering daaroor geheers.